Negester

# STERRELIG

**Paasfeesuitgawe**
Nuusbrief van Negester Klein-Kariba Huiseienaarsvereniging
Jaargang 4 No 3, Maart 2022

## DIE MAN AAN DIE KRUIS.

Martha staan op en stap stadig na die deur toe. "Ag Vader, hoekom gaan die tyd so stadig verby?" prewel sy. Haar oë draai na die son, dit is nog nie eers die derde uur nie. Sy kyk weer op en staar na die son, onbewus van die helder strale wat haar byna verblind. Skielik knip sy haar oë, kyk weg maar kan niks sien nie. Sy maak haar oë weer toe, maar dit voel steeds of sy in die son kyk. Sy maak haar oë oop en stadig begin die straat met die mense voor haar weer vorm aanneem. Vir 'n paar oomblikke wonder sy, wanneer sy langer in die son kyk, of die tyd nie vininger verby sal gaan nie? Weer maak sy haar oë toe….."Ag Here, die kruis is so vernederend " fluister sy. "Here"…….. prewel sy, "vergewe asseblief ONS sonde." Sy maak haar oë weer stadig oop. "Wanneer kom Sara dan?"
'Sara' dink sy. Trane loop vir die soveelste keer, die laaste paar dae stadig oor haar wange. Sy het nie geweet sy het nog trane oor nie. "Hoeveel trane het 'n mens?" wonder sy. "Word trane dalk volgens jou sonde aan jou gegee?". Sy knip haar oë ………In die waas van die trane soek sy die bankie in die kamer en gaan sit.
"Wat sou ek sonder Sara gedoen het?" dink sy hardop. Wat 'n wonderlike vriendin het sy nie geword nie. Hoeveel keer die afgelope paar dae het sy nie op haar skouer gehuil nie? Hoeveel keer het Sara nie vir haar vars gebakte brood gebring nie, het hulle saam gebid nie? Was dit nie vir Sara nie, sou sy nooit die laaste paar dae opgestaan het nie, was dit nie vir Sara nie …….. het sy nooit weer die Here gevind nie.
Martha maak haar oë toe en dink terug aan die dag wat sy vir Sara, wat haar ma kon wees, op die markplein ontmoet het. Sy het meel en vleis gaan koop, maar het eers deur die plein gedrentel en na al die dinge gekyk wat sy gewens het sy kon bekostig. Sy het die ouer vrou sien staan en gesels met twee dogtertjies. Die een dogtertjie het hard gelag, soos net 'n kind kan lag…..klokhelder…..sorgvry.
Martha maak haar oë oop. "Wanneer laas het ek gelag….?" wonder sy skielik. Met 'n diep sug onthou sy hoe sy na die twee dogtertjies bly kyk het toe hulle hand aan hand weg gehuppel het. Skielik het Sara langs haar gestaan en gepraat. "Kinders is so onskuldig en liefdevol", het sy reg langs haar gesê. Sy het geskrik en eers toe besef dat Sara langs haar gestaan het en met haar praat. "Ek is Sara," het sy gesê. "Ek is Martha," het sy saggies gesê, skaam dat Sara gesien het hoe sy na haar en die kinders gestaar het. "Ek is jammer ek…." "Jy het niks om oor jammer te wees nie, my kind" het Sara gesê, terwyl sy Martha se hande met haar ou verrimpelde hande vasgehou het. Hande wat al baie hard gewerk het… "Kinders is die wonderwerk wat God in mense se lewens gee. Het jy kinders?," het sy met 'n sagte stem gevra. "Nog nie… ek bedoel nee" het Martha geantwoord, glad nie eers ongemaklik dat die vreemde vrou haar oor so iets persoonlik uitvra nie. "Is dit jou kleinkinders?", het Martha gevra en met haar kop na die twee dogtertjies, wat nou sit en speel, gewys. Daar was vir 'n oomblik 'n hartseer trek in haar oë, maar toe antwoord sy: "Nee ek het nie kleinkinders nie, die dat ek maar tyd maak vir al die kinders in die dorp". Saam het hulle deur die plein gestap sonder om te praat. Dit was eers toe sy die meel gekoop het dat Martha gesien het hoe moeg die ouer vrou lyk en so het sy vir Sara die eerste keer na hulle huis genooi. Sy het koue water geskink en die ouer vrou het, sonder dat sy dit besef het 'n vriendin geword……..haar steunpilaar, vir die tyd wat sou kom.
Martha skrik toe sy 'n klop hoor. "Is dit Sara wat hier is?", wonder sy. Sy staan op en stap na die deur, maak dit oop en kyk na buite. "Nee", stroom die teleurstelling deur haar hele liggaam, dis langsaan waar iemand klop. Sy knik haar kop in 'n groet na die vreemde mense en draai om toe die deur langsaan oopgaan. Sy hoor die vreugdevolle groet en lag en hoor die deur weer toegaan.
Stadig stap Martha terug die vertrek in en skink vir haar 'n bietjie water en gaan sit weer op die bankie. Haar gedagtes dwaal weer terug na Sara. Sy onthou die eerste keer wat Sara by haar geëet het. Dit was a eenvoudige maal… wyn, brood en 'n stukkie vleis in sous. Sara het haar oë toe gemaak en saggies prewelend gebid vir die kos. Martha onthou hoe sy selfbewus gesit het en kon nie onthou wanneer laas sy gebid het voor 'n maaltyd nie. Skaam het sy haar oë toegemaak en probeer onthou wat haar pa altyd gebid het, maar die skeur tussen haar en haar ouers het al so groot geword dat sy sukkel om iets uit haar kinderjare te onthou. Haar ouers het haar huwelik nie goedgekeur nie en dit duidelik gemaak dat sy nie welkom in hulle huis sal wees as sy met Andreas trou nie. Sy het 'n paar keer na hulle uitgereik, maar hulle het dit geignoreer. Nadat Sara daardie dag weg is het Martha in haar geheue gekrap om iets te onthou oor wat sy in haar ouerhuis oor die Here geleer het, maar alles was dof en haar ma se stem was so onduidelik dat sy slegs hier en daar grepies kon onthou. Sy het besluit om met Sara oor die Here te praat, maar haar moed het haar elke keer begewe, tot die dag wat Sara weer by haar geëet het en sy haar hand gevat het en hardop die seën gevra het.

Daars 'n glimlag om Martha se mond toe sy haar oë oopmaak. Sy onthou nog so goed wat Sara gebid het daardie dag, dit was so eenvoudig maar so opreg en sy sal dit nooit vergeet nie, want dit is wat sy nou daagliks bid voor 'n maaltyd: "Here, seën die voedsel wat U vir ons voorgesit het, en maak ons dankbaar daarvoor".
Skielik ruik Martha die brood wat sy vroegdag in die oond gesit het. Sy vee die trane met haar mou af staan op om die brood uit die oond te haal. "Is dit 'n vars broodjie wat ek ruik?" hoor sy Sara se stem by die deur. Martha vlieg om en hardloop die paar tree in die ouer vrou se arms in. "Ek het gedink jy gaan nie meer kom nie" sê sy terwyl die trane weer begin vloei. "Ai my kind", fluister Sara saggies. "Hierdie is voorwaar 'n hartseer dag".
Voor hulle gaan sit skink sy vir die ouer vrou, wat skielik moeg lyk, iets om te drink. "Ek kan nie glo dat Jesus vandag gekruisig word nie", sê Sara. "Ja" antwoord Martha skaam,". "Veral oor die feit dat Hy niks verkeerd gedoen het nie……….. Hy is tog die Christus, is Hy nie Sara?", vra sy. "Ja my kind, Hy is die Christus, die Seun van God". Vir 'n wyle is daar 'n stilte toe Martha sê: "Sara , ek word so kwaad, hoe kan hulle so iets aan 'n onskuldige Mens doen? Hy het net goed gedoen, mense gehelp, gesond gemaak en selfs volgens wat ons gehoor het, vir Lazarus uit die dood laat opstaan………Hy is nie soos……..'' Sy val haarself in die rede. "Ek wens daar was iets wat ek aan die soldate kan doen wat dit sal stop", sê sy tussen die trane deur. "Ag my liewe kind," sê Sara teer. "Onthou jy toe ons na Hom gaan luister het, my ou kop is ook so deurmekaar vandag, ek kan nou nie onthou wanneer dit was nie, ek dink dié keer toe Hy so teen die berg opgeklim het, net buite Samaria. Onthou jy dit?". "Ja, en…?" vra Martha effens ongeduldig. "Ek dink dit wat vandag gebeur, is wat Jesus daardie dag vir ons probeer leer het toe Hy gesê het: "Ons moet ons vyande lief hê en bid vir dié wat ons vervolg". Martha laat sak haar kop. Vir die soveelste keer wonder sy wat sy sonder Sara sou gedoen het in hierdie tyd.
Vir 'n rukkie is daar stilte in die vertrek. Dan vra sy saggies met 'n bewerige stem: "Dink jy Jesus se mense gaan daar wees, Sy ma en Sy dissipels?", maar voor Sara kon antwoord, word dit donker buite. Martha het vraend na Sara gekyk terwyl hulle opstaan en uitbeweeg. Toe hulle buite kom, sien hulle die hele dorp se mense buite staan, en na bo kyk, maar die son was donker, almal het met verbasing onderlings gefluister, bang omdat hulle nie weet het wat gebeur nie. "Hierdie is waarlik 'n vreemde dag," prewel Sara. Terwyl hulle nog buite staan sien Sara verskeie groepies mense wat begin saamdrom en in die rigting van Golgota beweeg.
Sy draai na Martha en sê sag: "Ek dink ons moet ook maar begin stap." Martha draai in stilte om en kry die sakkie wat sy voorberei het vir hulle tog. Met 'n brood, wyn, water en die stok waarmee Sara deesdae stap, val hulle stadig tussen die ander mense in, oppad na Golgota.
Hulle praat nie veel die eerste ruk nie, waaroor Martha nogal bly is. Sy wil nie hier in die groep mense praat nie. Kort – kort rus hulle 'n paar minute en gee sy vir Sara van die water om te drink. Miskien was dit 'n fout om vir Sara saam te vra, dit lyk nogal asof sy sukkel. Die koppie wat netnou nog so ver gelyk het, is nou hier voor hulle en die drie kruise staan pertinent uit. Sonder dat iemand weet wat om te verwag, sien Martha dat daar reeds mense aan die kruise hang en begin hulle stadiger loop. Toe Sara stop is dit sy wat die water uithaal en vir Martha gee om te drink. "Ek dink nie ek kan verder gaan nie", fluister sy. "Nee, my kind ek weet dis moeilik, maar ons kan nie nou stop nie", sê Sara. Daar is 'n duidelike gemor van mense agter hulle in die paadjie wat vorentoe wil beweeg. Sara steek haar hand uit, vat Martha se hand en saam begin hulle die steil paadjie teen die koppie uitklim.
En toe skielik…….. skielik is hulle bo. Die uitdrukking op hulle gesigte is die van rou pyn en hartseer. Hulle hoor mense lag en rumoer by die kruise. Martha se gesig vertrek in afsku toe sy na Sara kyk……."Dis die Romeinse soldate", fluister Sara saggies. Stadig stap hulle nader en sien dat daar reeds 'n groot groep mense 'n entjie weg van die kruise sit. Martha kyk na die mense, en sien dat almal net na die Man in die middel staar. Sy draai haar kop, knip haar oë 'n paar keer en sien dan dat Jesus aan die middelste kruis hang. Hulle gaan staan so entjie weg van die mense. Martha se oë verstar op 'n kruis. Sy voel hoe Sara aan haar arm trek en wys dat sy moet sit. Sy sak stadig af, haar oë steeds verstar op dié kruis. Sy hoor Sara prewel 'n gebed en toe sy na die ouer vrou kyk, sien sy vir die eerste keer trane oor haar wange rol. Sy sit haar hand vir 'n oomblik op Sara se skouer en kyk terug na die kruis. Na 'n ruk raak die mense skielik stil en hulle hoor Jesus se bekende stem, vol pyn en uitgeput uitroep: "Vader in U hande gee Ek my gees oor". Toe het hy sy laaste asem uitgeblaas. Martha wou opspring, maar Sara het haar terug gehou. "Wag Martha, laat die soldate eers hulle werk doen voor ons nader gaan".
Terwyl die soldate toekyk hoe al drie liggame van die kruise afhaal word, het Martha onbedaarlik begin huil. Sy en Sara het stadig vorentoe beweeg terwyl daar reeds mense van vooraf kom om terug te keer na hulle huise. Party het gehuil, ander het net met verstarde gesigte stadig na onder beweeg. Twee van die mense het vir Sara geken en met haar begin gesels, terwyl hulle effens uit die paadjie staan dat die ander mense kan verby loop. Martha het haar onttrek van die geselskap…. so paar treë weg beweeg en saggies gesnik. Skielik het haar kop opgeruk terwyl hulle kyk en nader staan. "Ek is jammer Meneer, maar sê asseblief weer wat u nou net gesê het". Die man het na haar gekyk, sy oë hartseer, maar met 'n sagte glimlag het hy geantwoord "Jesus se genade is groot"…. "Nee, nee … voor dit"… Sy voel skielik almal se oë op haar, maar vir die eerste keer gee sy nie om nie. "Asseblief Meneer, wat het u gesê?" vra sy weer met 'n bewerige stem. "Die man, wat daar links van Jesus gehang het, het vir Jesus *gevra* om aan hom te dink wanneer Hy, Jesus, in die Paradys is…". "Ja, ja en wat toe?", val sy hom in die rede….." Hy het vir die man gesê: "Voorwaar ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees". Verslae kyk Martha na Sara en sien die trane wegraak in haar beplooide gesig. "Sara?" sê vra sy. "Sara, ons gebede is verhoor. Hoor jy Sara? hoor jy?" sê sy terwyl haar stem wegraak en die trane oor haar wange rol. Sara kyk teer na haar en sê saggies tussen haar trane deur "Kom ons gaan begrawe jou man, my kind………"

*RIA*

*Hierdie storie is fiksie. Die Bergrede en die Kruisiging van Jesus is op die Evangelies van Matteus en Lukas gebasseer.*



# Wysheid of Grysheid

Daar word 'n storie vertel van 'n baie goeie bergklimmer wat gereeld alleen uitgegaan het om nuwe spelonke en grotte te ontdek. Hy het een dag gedurende die winter, weer sy toerusting gepak en besluit dat hy sommer, waar hy altyd net koffie saamvat, hy ook kos sal inpak en wanneer hy 'n lekker plekkie kry hy daar middagete sal eet. Hy het sy harnas aangetrek, toue om sy lyf gesit en seker gemaak dat hy al sy hoeke en ander klimtoerusting het. Sonder dat hy dit besef het, later weggekom as wat hy normaalweg begin stap. Na vier ure se klim het hy met 'n hand wat al seerder word, op 'n oorhang rots gaan sit. Hy het sy handskoen uitgetrek en met 'n skok gesien dat sy een vinger se punt begin swart word. Hy het sy handskoen weer aangetrek en na sy ander hand gekyk. Dit was net die een vinger wat tekens van "frostbite", vriesbrand, getoon het. Hy het sy koffie en broodjies binne minute afgesluk met net een doel voor oë, om so vinnig moontlik af te klim.

Met die oppak van al sy goed sien hy mis wat baie vinnig van die weste af inrol. Na 'n uur se afklim is die mis by hom en kan hy voel hoe die temperatuur val. Hy besef dat hy so gewoond was om te klim, dat hy verskeie kort paaie probeer, het waarvan hierdie maar net een is, dat hy nie meer na die weervoorspelling gekyk het nie. Twee ure later is dit so mistig met die son wat so vinnig sak, dat hy omtrent nie voor hom kan sien nie. Hy het baie stadig na onder geklim. Die volgende oomblik voel hy hoe hy trekking op sy voet verloor en hy begin val. Hy gryp na die berg, maar hy voel net hoe hy ruk wanneer sy hoeke een vir een, wat hy in die berg geslaan het, uitruk. Hy voel hoe hy na sy dood val en sien letterlik sy lewe in sekondes voor hom afspeel.

Skielik stop sy val en hy hang net met sy harnas aan die tou. Hy kan nou niks meer sien nie en is te bang om te beweeg. Vir 'n oomblik maak hy sy oë toe. "Here help my asseblief", bid hy. Hy skrik toe hy 'n stem hoor: "Sal jy doen wat Ek vir jou sê?" "Ja asseblief, help my net", sê hy. "Sny die tou af", sê die stem weer. Maar die man kon dit nie doen nie. Hy het verbete aan die tou vasgehou want dit was sy lewenslyn.

Die volgende dag het 'n paar klimmers die lewelose liggaam gevind. Sy hande was steeds aan die tou vasgeklem, 'n meter van die grond af........

'n Komma, of 'n punt. Wat dink jy?........

*Ria*


Enige bydraes vir Sterrelig kan ge-epos word aan:

sterrelig9ster@gmail.com

Sterrelig se eie e-pos-adres

# Reënval

**Februarie 2022**
Totaal 45.3mm 3 Reëndae.




**LAG 'N SLAG**

Dit kan nie:
Regter: "Is jy met die klaagster bevriend?"
Getuie: "Nee, u edele, sy is my skoonma."



# Manne van die Woord

Dit is nou in die begin van Maart, die son sukkel so bietjie om vroeg op te staan. Gelukkig is dit nie die geval met die manne wat so getrou ons byeenkomste, elke Donderdag oggend, bywoon nie.

Die afgelope maand was die byeenkomste weer briljant, interessant en opbouend. Ons gesprekke het gehandel oor onder meer vriendskap en die belangrikheid daarvan, gebed – die kern van ons geloof, ens. By vriendskap het ons byvorbeeld na ses aspekte gekyk wat 'n ware vriendskap jou kos. Ons het Bybelse vriendskappe bespreek, onder meer, Rut en Naomi, Dawid en sy verskeie vriendskappe en Jesus en Sy dissipels. By gebed het ons oor die vyf vereistes, wat deur die Bybel uitgespel word, gesels en nege riglyne deurgetrap.

Ons is deeglik daarvan bewus dat die winter nader kruip maar ten spyte daarvan wil ons weereens die manne van Negester uitnooi om by ons in te skakel. Ons sal die koffie bietjie warmer maak, want die vriendskap is al klaar warm.

Op die oomblik is Johan Nel nie voltyds beskikbaar nie en Dawie help bietjie uit.

Ons kom elke Donderdag om 06:00 tot 06:45 bymekaar. Dus as julle 07:00 êrens moet wees, sal julle nogsteeds betyds wees.

Romeine 12:12 "Verbly julle in die hoop, wees geduldig in die verdrukking, ***volhard*** in die ***gebed"***.

Kolossense 4:2 "Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging".

Kontak: Dawie – 071 734 3618
Johan – 083 227 2030

MVW

## 'N KINDERDAE
## KOM ONS PRR…. MIAAU BIETJIE



Wie ken tog nie die geneul van 'n kind nie …? "Mamma kan ek maar 'n katjie of 'n hondjie kry?" "Tannie Elsa hulle se kat het kleintjies, hulle is swart en wit, asseblief tog ma, ek sal mooi na die katjie kyk, die tannie sê ek kan maar een kry as ma ja sê".
Gelukkig het my ouers my toegelaat om van kleintyd af my eie kat aan te hou. So het my pa op 86 jarige ouderdom nog onthou (wat ek vergeet het of te klein was om werklik te verstaan) dat my eerste kat 'n geelkat met wit voete was. Sy naam was Sokkies, maar ek het dit uitgespreek as Soksies. Ek het in my latere lewe weer 'n geelkat gekry en dit is met dié geleentheid wat my Pa my aan my kinderkat Soksies herinner het. Nodeloos om te sê dat die latere geelkat ook Soksies geheet het.
Ek en Soksies was glo onafskeidbaar. Hy was egter 'n besondere groot mannetjieskat en ek kon hom nie dra nie, maar het hom aan sy stert saam gesleep. Op 'n dag het my neus van die warme Karooson begin bloei. Ek en Soksies was beide vol bloed. Ek het dit toe goed gedink om ons altwee by die buitekraan af te was So moes ek toe vroeg – vroeg leer, maar katte hou nie van water nie. Ek kon glad nie verstaan waarom hy so vinnig weghardloop nie. Nog steeds vol bloed het ek hartroerend begin huil oor my kat wat weggehardloop het. So het my Pa my gekry en my vertel dat katte nie graag nat word nie en dat hy homself sal skoon lek en **sal terugkom huis toe**.

**My Pa se raad het my herinner aan geloof. Moenie vassteek in verkreukelde denke nie. Wanneer jy deur die bril van geloof na die skepping kyk, sien jy God se hand in alles. Ja Jesus kom verseker terug.**

Musie

# Boererate

"*Don't try this at home...!"*

**Vir stuipe:**
Mespuntvol van geskroeide en gestampte hondehare.

**Vir perdebysteekplek:**
Week witbrood in kookwater. Meng goed met 1 eetlepel Engelse sout. Sit op perdeby-steekplek. Dit werk soos 'n bom!

**Vir oorpyn:**
Soek 'n klein krappie in die rivier. Druk die krap dood. Braai die krappie in 1 bottel soetolie uit. Sif deur 'n doekie. Gebruik olie wanneer nodig.



# UIT DIE HEV KANTOOR

"I wish I could freeze this moment, right here, right now and live in it forever" wens Suzanne Collins. Menige van ons het sekerlik al so 'n moment gehad. 'n Gevoel van vreugde, uitbundigheid en innerlike genot. Dit is seker ook die gevoel wat Willie en Elma Humphries ervaar het tydens hul troue die 12de Maart 2022. Negester se heel eerste troue! Baie geluk aan die nuwe Humphries-egpaar.
Dan is daar met leedwese verneem van Frikkie Lloyd se afsterwe. Hy sal altyd in ons herinneringe wees.
In Februarie en Maart was daar van die inwoners wat knievervangings en ander operasies en/of behandelings ondergaan het en besig is om nog aan te sterk. Ons dink in die besonder aan Jane Roelofse wat vir langer as 'n jaar nog probleme ervaar met haar knie – ons bid julle 'n spoedige herstel toe en weet dat julle in ons gebede is.
Daar is goeie vordering in verband met die oorweging van 'n diensverskaffer vir die sorgsentrum. Daar is ses geïdentifiseerde diensverskaffers uitgenooi om voorstelle in te dien rakende dienste wat aangebied kan word en die koste daaraan verbonde. Die diensverskaffers het op 11 Maart die terrein besoek om 'n ingeligte voorlegging te kan maak. Die verwagting is om 'n omvattende en volhoubare versorgingsmodel daar te stel. Die sluitingsdatum vir indiening van die voorstelle is 31 Maart. Die eerste voorstel is alreeds ontvang.
Daar is tydens verskeie inligtingsessies melding gemaak dat die AVO(Akte van optigting) (MOI) verander moet word. Die volgende verduideliking is noodsaaklik wanneer daar versoek word dat die AVO verander moet word.
Heffings:
Die **AVO** (Akte van optigting) het sy bestaan gekry as deel van die Stigtingsvoorwaardes (2011-05-19) en is aldus so goedgekeur deur die Limpopo Ontwikkelingstribunaal. So 'n AVO word geregistreer ingevolge die Maatskappye Wet, 71 van 2008. Deel hiervan was ook die stigting van 'n Huiseienaarsvereniging. Die AVO word gedefinieër as 'n dokument wat die regte, pligte, bevoegdhede en verantwoordelikhede van die eienaars, direkteure en andere binne die maatskappy reël. Alle maatskappye is verplig om 'n AVO te hê en slegs sekere aspekte kan verander word soos vervat in die Maatskappyewet. Die Wet bepaal ook dat elke bepaling van 'n maatskappy se AVO met die Wet moet ooreenstem en is nietig in die mate wat die AVO die Wet oortree of nie daarmee ooreenstem nie. Die Wet bepaal ook dat die AVO enige bepaling kan insluit wat 'n saak hanteer wat die Wet nie insluit of spesifiek bepaal nie. Die Wet maak dus voorsiening dat 'n maatskappy in sy AVO uniek voorsiening kan maak vir die behoeftes van die spesifieke maatskappy.
Alle eienaars is verbind tot die gedragsreëls van die AVO. Die direksie word ook voorgeskryf deur die AVO oor hoe sake bestuur en gereël moet word. Dit sluit in die vasstel van heffingsbedrae vir onder andere die ontwikkelaar (sien AVO item 5.3.12 bl 24). Die direksie is voorts verantwoordelik om 'n klaringsertifikaat uit te reik waarin verklaar word dat daar geen uitstaande heffings op 'n erf/eiendom is nie, sodat oordrag na die koper kan plaas vind. Die AVO is dus die enigste en belangrikste dokument is wat die bestuur van Negester reël. Die Maatskappyewet lê spesifieke vereistes ten opsigte van die inhoud van die AVO neer sodat die belange van die eienaars beskerm kan word en enige wysigings kan slegs binne die voorskrifte van die Wet gedoen word.
**Die doel** van betaling én die aanwending van **heffings**. Daar is 'n verpligting op die HEV om 'n administratiewe fonds en 'n reserwefonds te stig wat voldoende is om sekere uitgawes te dek. Die uitgawes sluit in die herstel, onderhoud, beheer, bestuur en administrasie van alle gemeenskaplike eiendom. Dit word ook aangewend om grondbelasting, elektrisiteit, water, sanitasie en ander dienste aan geboue en grond te betaal. Dan word versekering, salarisse en dienste soos sekuriteit en sorgdienste daaruit betaal. Die lopende uitgawes van die kantoor (brandstof, dienste van voertuie, grassnyer, swembad, drinkwatersuiwering en voer vir bokke), soos enige ander huishouding of besigheid word uit die heffings betaal. Die HEV moet verder ook voorsienging maak vir 'n 10 jaar instandhoudings-, herstel- en vervangingsplan en betaling in die reserwefonds. Bydraes ter bestryding van hierdie uitgawes kom uit heffings. Spesiale heffings mag ook ingevolge die AVO ingestel word, wat tans die geval is. Hierdie spesiale heffings is ten opsigte van noodsaaklike uitgawes waarvoor daar nie noodwendig voorsiening gemaak is in die begroting nie. Die betaling van spesiale heffings raak verskuldig nadat 'n spesiale resolusie tydens 'n AJV verkry is. Dit is belangrik om daarop te wys dat die HEV, die oomblik as 'n nuwe fase gediens is (teerpaaie, elektrisiteit, water enTelkomdienste), aanspreeklik raak vir die instandhouding daarvan. Soos hierbo genoem, word daardie uitgawes uit die heffings van al die eienaars bestry, ongeag of daar erwe in die nuwe fase verkoop is al dan nie.
Die hoop word uitgespreek dat daar meer lig op die aspekte waaroor onsekerheid bestaan, gewerp is. Indien daar nog vrae of onduidelikheid is, word u uitgenooi om via die kantoor u navraag te rig.
Soos altyd, kom ons praat saam oor kwessies soos wat dit gebruik geraak het met die hou van inligtingsessies.
Groete
Thinus, Laetitia en Johan

# TYD . . . tik-tak-tik . . .

Tyd staan nie stil nie...Moet nooit vir die “regte oomblik” wag nie. Jy moet nou jou instink volg.

Here maak my 'n werktuig van U vrede:

- Sodat waar *haat* is;
  Ek *liefde* mag bring.
- Sodat waar *tweespalt* is;
  Ek *eensgesindheid* mag bring.
- Sodat waar *dwaling* is;
  Ek *waarheid* mag bring.
- Sodat waar *twyfel* is;
  Ek *geloof* mag bring.
- Sodat waar *wanhoop* is;
  Ek *vertroue* mag bring.



- Sodat waar *skaduwee* is;
  Ek *lig* mag bring.
- Sodat waar *droefheid* is;
  Ek *geluk* mag bring.
- Sodat waar *verontregting* is;
  Ek *vergewensgesindheid* mag bring.
  (Artikel: Christelike Uitgewersmaatskappy)

Die bekende kerkvader Karl Barth se woorde: “As 'n mens in God glo en Hom ken, vra jy nie langer: “Wat is die sin van die lewe nie? Jy lewe die sin van die lewe. Jy is 'n Werktuig in God se Koninkryk!”

*Gusta*

# ‘n Boodskap uit die landgoedkantoor



Die helder blou, grys en oranje kleure van die Bosveldvisvanger ontplof in ‘n kaleidoskoop van kleure soos die oggendson oor hom vloei. Dit eggo deur die blare rondom hom en vul die hele area met prag. Ek wil my koppie koffie neersit en amper eindig ek ‘n mier se lewe. Die outjie met die sterk lyf en onuitputbare dryfkrag verdwyn vinnig oor die tafel se rand.

Die vraag borrel by my op: Sien ons dan net die mooi daar vêr raak en nie dit wat naby ons is nie? Iemand het so rukkie terug die vraag gestel: “Waaroor moet ek positief wees?”

Die sagte wind trek deur die vertrek met die bekende roep van ‘n tortelduif wat op hom ry... en ek is dankbaar. Die seëninge wat naby ons is vul my gedagtes. Net die voorreg van gehoor, sig, helder denke, reuk *gesondheid*..., die voorreg om te kan praat en te kan sê: “More buurman”. Om nog ‘n buurman te kan hê. Die reuk van die koppie koffie in jou hand, om op jou eie grasperk te kan staan en dan om te draai en in jou eie huis in te stap, ‘n dak oor jou kop en later maak jy die bed op waarin jy kon slaap.

Ons was skottelgoed met skoon water na ‘n baie lekker ontbyt... ja, ons het die voorreg om meer as eenkeer per dag te eet. Later ry ons gou dorp toe met jou eie motor op ‘n pragtige teerpad wat tot by jou motorhuis loop. Ons doen inkopies en gesels met mense,-alles met ‘n helder verstand. Vanmiddag wanneer die landgoed stil raak kan mense ‘n rustig stap geniet, in ‘n veilige omgewing, met wild wat nou en dan vir jou loer. Vanaand hardloop die nagapie grootoog oor die stoep.

Ons kan saam om ‘n tafel sit en vanaand na ete huisgodsdiens hou en miskien ons kinders bel en in die agtergrond ‘n kleinkind se helder lag hoor wat die gesprek onderbreek...

Ja, ons het baie om voor dankbaar en positief te wees. Ek verwys hier na Ria se briljante artikel in die vorige Sterrelig: ons moet daai *paradigmaskuif* maak en meer fokus op wat ons het en nie op wat ons nie het nie, want omtrent altyd is dit wat jy het genoeg om gelukkig te wees.

Om dit waarmee jy geseën is te waardeer is baie makliker as om dit wat nie daar is nie te soek.

Groete

*Dawie van Niekerk* (Landgoedbestuurder)

# KOM NEEM DEEL

| SPORT/ONTSPANNING | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Tyd** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| 06:00 – 06:45 | | | | Manne bid-uur | |
| 7:00 - 9:00 | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei |
| 8:00 – 9:00 | Biokinetika | Pilates | | Biokinetika | Pilates |
| 10:00 – 11:00 | Lyndans | | | | Lyndans |
| 14:00 – 16:00 | | Naaldwerk | | | |
| 15:00 - 15:30 | | Wateraerobics | Wateraerobics | Wateraerobics | |
| 15:00 – 17:00 | | Tafeltennis | | Tafeltennis | |

EK EN MY

# STOKPERDJIES

Lena-Marié Lotheringen
Genealogie / Familie-Stamboom….
My passievolle belangstelling.

Waar en wanneer het dit begin?

Ek vermoed die saadjie is geplant gedurende ongeveer 1960, in Shortstraat 12, Reitz. Teen die muur in ouma Maggie Roos se kamer is ‘n ou ou geraamde foto aan ‘n aangeslane koperdraadjie, gehaak aan ‘n ou ou portrethakie wat weer aan ‘n outydse prentelys hang.


Foto geneem by murasie van klipwoning op my geboorteplaas Brakpan Reitz distrik

In die middel van dié familiefoto, op ‘n outentieke Kaapse tolletjiestoel, sit ‘n bejaarde, bebaarde man, omring deur talryke familielede. Hy het ‘n jurk aan wat vir my na ‘n nagrok lyk en sy hande rus vreemderig voor hom uitgestrek, op sy bene. Hy’s my Iersgebore oupagrootjie William (Arthur?) Preston 1836(39?)-1929 en die vader van my ouma Maggie (Preston)Roos.

My vraag: “Ouma, hoekom het grootoupa William ‘n rok aan?”

Ouma verduidelik: “Hy het baie seer gebrand in ‘n veldbrand tydens die oorlog (ABO), toe hy vee wou red. Sy lakenselinnepak klere het aan die brand geraak. Hy het die brand oorleef maar kon daarna nie weer gewone mansklere dra of met sy hande werk nie.

Dié vraag én antwoord is dikwels herhaal.

Van toe af het ek baie gewonder oor die wel en wee van my voorsate, maar ongelukkig het ek te min vrae gevra en te min antwoorde gekry. Tot my spyt het die foto ook verlore geraak! Ek het my verluister wanneer ouma Maggie “Galway Bay”, “Maggie”, “The Dying Nun” sing terwyl sy soms saamtokkel op die Autoharp wat glo aan haar vader William behoort het.

Die sepia foto (vermoedelik op plaas Brakpan, Reitz geneem) het my altyd bygebly. Tog het ek eers ongeveer ses jaar. gelede begin om familiename, vanne, datums en enige ander familie-info neer te skryf, in ‘n poging om my stamboom saam te stel. Op my vriendin Anneke se aanbeveling, het ek die aanlyn argiewe, aanlyn stambome, genealogiese verenigings, FB-groepe en nog meer ontdek.

Op my rekenaar en selfoon soek en vind ek nou familiegeskiedenis, dokumentasie, foto’s, briewe, koerantberigte en rekords tot by die sewende geslag en soms verder as dit. Hiervoor gebruik ek die aanlyn stamboom-portale ipv om muwwe stowwerige argiewe te besoek.

Ek het selfs al ‘n paar bekendes uit my jeugjare se dokumente bekom en vir hulle stamboom profiele geskep.

William Preston se voorsate bly my egter steeds ontwyk al kommunikeer ek nou al ‘n geruime tyd met aanlyngroepe in Ierland. Sy doopinskrywing behoort lig te werp, maar ek word vertel dat die 1920 opstande byna alle Ierse Argiefstukke in die slag laat bly het.

Ek is steeds ‘n leek as dit kom by ernstige genealogiese navorsing. Dit is nogal ingewikkeld en ek raak behoorlik verdwaald in die doolhof van name, vanne, benoemings, plekke, datums en genealogiese numering.

Verstommend openbarend is die magdom oeroue dokumentasie wat, soms gratis en soms teen ‘n fooi, te vinde is in aanlyn argiewe. Vrywilligers oor die wêreld heen gaan fisies na die Staats- en Kerkargiewe, neem bladsy vir bladsy foto’s van die dokumentasie en stel dit op die internet beskikbaar. So ook is daar indekseerders wat gedurig nuwe info opspoor en dit dan by die persoon se aanlyn stamboom voeg.

Op ‘n dag ontvang ek bv. ‘n boodskap uit Australië via een van die aanlyn genealogiese portale. Dit blyk toe dat die persoon ‘n verlangse familielid van my De Jager familie is. Mettertyd lees ek sy verhaal oor hoe die misterie van sy oupagrootjie se verwerping deur sy familie en die latere moord op dié voorsaat, hom na SA laat reis het om o.a. sy familiegeskiedenis self na te vors. Uiteindelik is die raaisel ontknoop, wat vir hom berusting gebring het en vir my kosbare inligting besorg het oor my ouma de Jager se voorsate.

Hulp van professionele en 'amateur' genealoë en navorsers is vrylik bekombaar en veral FBgroepe se bystand is vir my onontbeerlik. Ek maak gereeld van hierdie eksperts gebruik en het bv onlangs ABO, WO1 en WO2 rekords bekom wat ek by die profiele van dié voorsate van my en Koos kon voeg.



Wyle mnr. William Preston van die distrik Reitz, wat in die hoë ouderdom van 93 jaar oorlede is. Hy was seker die oudste inwoner van die Distrik.

Een van Koos se voorsate het in 1770 'n voorskot gevra op sy VOC soldy en ek was verstom om dié vergeelde dokument in die aanlyn argief raak te loop.

Aanlynstambome is ongelukkig vol slaggate en is soms onbetroubaar. Met die hulp van 'n stamregisterkenner het ek 'n private stamregister kon opstel wat slegs deur my op datum gebring word met data, staaltjies, oorspronklike dokumente of afskrifte daarvan, fotos, briewe ensomeer.

Daar is wel stamregisters van sekere vanne beskikbaar, maar dit bevat beperkte inligting.

Genealogie is ook veel meer as net stamboom-navorsing. O.a is oorerflike siektes al só blootgelê wat tot lewensreddende navorsing gelei het.

Alhoewel genealogie nie juis 'n gewilde aanknopingspunt is vir gesprekke nie, is hierdie ietwat "verslawende-" en tydrowende belangstelling vir my verrykend en word my voorouers se geskiedenis só deel van my eie lewensverhaal.




By dit alles word my ure gevul met die ontknoping van ware lewensdramas van mense wat die weg gebaan het vir die pad waarop ek nou loop!

Stamboomgroete!

Lena-Marié

(néé van der Merwe) afstammeling van o.a. Voortrekker CJ Roos (1813-1883) en ander vanne bv. De Jager, Labuschagne, Joubert, Reyneke, De Wet, Dreyer, Lombard en meer.)

PS: Belangstellendes kan my per whatsapp kontak vir lys van genealogiese navorsings- portale wat ek gebruik. No: 0836315518

# NOODNOMMERS

| | |
|---|---|
| **Ambulansdiens Life 24** | **082 040 5003** |
| **Brandweer** | **014 736 8000** |
| **Polisiediens** | **072 839 5587** |
| **HD Elektries (Dirk)** | **083 660 0319** |
| **Loodgieter (Eric)** | **083 281 7789** |
| **Suster Delia** | **082 494 2717** |
| **Landgoedbestuurder (Dawie)** | **071 734 3618** |
| **Hospitale** | |
| **Phodiclinic (Privaat)** | **014 736 2310** |
| **Provinsiale hospitaal** | **014 736 7300** |

**9'e sterre neem deel in Sterrelig!!!**

Dankie vir al die artikels wat reeds ontvang is. Artikels word geplaas soos wat spasie beskikbaar is.

**Dankie!**

# Vars gedruk...




Dit was ons vakansiemaand, drie weke in die Oos-Kaap. Daar kry jy die mooiste natuurtonele van riviere, berge, see en veld. Dan wonder ons nog wie is ons Skepper? Ek maak my varsgedrukte boek oop geskryf deur Elize Parker: "Soos sagte kerslig." Gestroop van alles wat vir haar saak maak, vind sy haar nuwe indentiteit in Jesus. Haar roeping word duidelik: om wynboer Quintin Immelman by te staan. Om kinders met fetale alkoholsindroom te help om hulle uitdagings te oorkom. Om swanger ma's op te voed om nie alkohol te neem nie.

Die aangrypende verhaal speel in die Boland en die Overberg af. Dis die verhaal van 'n ma se stryd om haar eie kind wettiglik in haar sorg te kry, alkoholisme te oorwin, weer liefde te vind en die Jesus van haar kleintyd deur vergifnis, vervulling en versoening te herontdek. Ervaar saam met Sandra de Waal hoe die innige leiding van die Heilige Gees soos sagte kerslig die pad deur 'n duisternis van emosies aanwys.

Dis 'n boek wat gelees moet word.

Groete van stoep tot stoep.

*Carol Vosloo*



# SORGSENTRUM

Die inwoners wat Dr Janet Strauss van Medwell se praatjie oor Demensie en Alzheimer bygewoon het sal haar onthou as ‘n dinamiese en kundige spreker. Sy het in die onlangse verlede ook ‘n praatjie gelewer oor die gebruik van medikasie deur ouerwordende persone en het goedgunstig toegestem dat die inhoud van daardie praatjie in die Sterrelig gepubliseer mag word.

**Geneesmiddels in die ouer persoon.**

Voor ons kan praat oor geneesmiddels in die ouer persoon, is dit belangrik om eerstens die definisie van die ouer persoon uit te klaar. Volgens wet is ‘n ouer persoon, ‘n man ouer as 65jaar en ‘n vrou ouer as 60jaar. In farmakologie (die studie van geneesmiddels) is die ouer persoon, enige individu ouer as 65. Waarom is dit enigsins relevant? Die wyse waarop ons liggame geneesmiddels hanteer, verander soos ons ouer word. Hierdie wetenskap word Farmakokinetika genoem wat in eenvoudige terme beteken “wat doen my liggaam met die middels wat ek inneem”. Farmakokinetika ondersoek dus die absorpsie (A), distribusie (D), metabolisme (M) en ekskresie (E) van geneesmiddels in ‘n pasiënt en word soms na verwys as ADME reaksies.

Soos ons ouer word, is daar fisiologiese veranderinge wat die dokter in ag moet neem as middels voorgeskryf word. Algemene veranderinge is: ‘n dunner vel wat maklik kneus en skeur, verswakte immuunstelsel, smaak en reuksin wat minder sensitief is, inkorting van nierfunksie, stadiger metabolisme deur die lewer, liggaamsamestelling verander (minder totale liggaamswater, minder spiere in vergelyking met vetweefsel), en verminderde albumien (proteinboublokkies) waaraan middels kan bind.

Die siekteprofiel van die ouer persoon verander natuurlik ook soos ons verouder. Daar is meer gevalle van kanker, hart-en bloedvatsiektes, slaaploosheid, beroertes, demensie, maagdermkanaalprobleme asook emfiseem. Dit is algemeen om aan meer as een siektetoestand te ly en dus ‘n handvol geneesmiddels tegelykertyd te moet inneem. Polifarmasie word gedefinieer as meer as vyf middels per dag geneem word. Die probleem met polifarmasie is natuurlik geneesmiddel-interaksies en ook meer newe-effekte wat kan voorkom.

Daar is verskeie riglyne en reëls wat dokters in ag moet neem as middels voorgeskryf word. Die BEERS kriteria en die sogenaamde STOP/START kriteria is voorbeelde van internasionale riglyne wat hier van toepassing is. Eersgenoemde is riglyne wat voorstel watter middels in die ouer persoon liefs vermy moet word en wat veiliger alternatiewe bied. Genoemde motiveer die dokter tot die “minder is beter” beginsel. Die Amerikaanse Geriatriese Vereniging waarsku ook teen sekere geneesmiddelkombinasies soos byvoorbeeld, *opioïede en slaappille, sekere antibiotika en antihipertensiewe middels.*

Talle kere word newe-effekte van geneesmiddels as ‘n nuwe siektetoestand gediagnoseer (byvoorbeeld bewegingsstoornisse soortgelyk aan Parkinson’s wat bekend staan as parkinsonisme) eerder as wat ‘n newe-effek van ‘n simptoom onderskei word. ‘n Pasiënt se kliniese behoeftes en wense moet in ag geneem word, en newe-effekte moet teen die voordele opgeweeg word. As ‘n geneesmiddel nie meer aangedui is nie, moet dit gestaak word. Dokters is soms skugter om geneesmiddels te staak (“deprescribing”). Ons moet onthou, minder is altyd beter.

## Wie kan ek kontak?

| | | |
|---|---|---|
| KLINIEK | 014-736-3364 | 014-736-2770 |
| Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore) | | 014-736-2580 |
| GROEPWERK (Annatjie Moore) | 014-736-2580 | |
| Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag) | 014-736-2725 | |




Dr. Annatjie Moore

### Inwoners sê dankie:

Net om my gelukwensing aan jou en jou span oor te dra met ‘n PUIK Sterrelig. Voorwaar iets om op trots te wees. Wel gedaan en doen so voort!
Rouel Beukes

## GESONDHEIDSORG APRIL

# MAAK ASSEBLIEF AFSPRAKE VIR BESOEKE BUITE NORMALE KLINIEKTYE

| | | |
|---|---|---|
| Fri-01-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | FISIOTERAPEUT MIDDAG |
| Sat-02-Apr | | |
| Sun-03-Apr | | |
| Mon-04-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | VOETSORG |
| Tue-05-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | SALON MARIETA & OUDIOLOOG MATTHYSEN |
| Wed-06-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | |
| Thu-07-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | |
| Fri-08-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | FISIOTERAPEUT MIDDAE |
| Sat-09-Apr | | |
| Sun-10-Apr | | |
| Mon-11-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | VOETSORG |
| Tue-12-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | SALON MARIETA |
| Wed-13-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | |
| Thu-14-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | |
| Fri-15-Apr | GOEIE VRYDAG | |
| Sat-16-Apr | STIL SATERDAG | |
| Sun-17-Apr | PAASSONDAG | |
| Mon-18-Apr | GESINSDAG | |
| Tue-19-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | SALON MARIETA & OUDIOLOOG MATTHYSEN |
| Wed-20-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | |
| Thu-21-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | GROEPWERK 10H00-11H30 |
| Fri-22-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | FISIOTERAPEUT MIDDAE |
| Sat-23-Apr | | |
| Sun-24-Apr | | |
| Mon-25-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | VOETSORG |
| Tue-26-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | SALON MARIETA |
| Wed-27-Apr | VRYHEIDSDAG | |
| Thu-28-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | |
| Fri-29-Apr | KLINIEK 7H30-9H30 | FISIOTERAPEUT MIDDAE |
| Sat-30-Apr | | |



## HUWELIKSKLOKKIES LUI VIR WILLIE EN ELMA HUMPHRIES

Op Saterdag, 12 Maart 2022 om 16:00 was die kapel by Klein Kariba die bymekaarkomplek van sowat 70 familielede en vriende van Willie en Elma, inwoners van Wildeseringstraat 377. Waarom? Want huweliksklokkies het vir hulle twee gelui!

Elma het in Pretoria gewoon en was vriende met Bines en Ronel, by wie sy af en toe kom kuier het. Na 'n gesprek met Willie oor die moontlikheid om 'n "vriendin" aan hom voor te stel en nadat hy 'n paar dae daaroor gaan dink het, en gesê het dis reg, maar hy dink nie aan trou nie, het hy ingestem om vir Elma te ontmoet en het Cupido se werk begin. 'n Paar weke later is 'n "voorstel"-afspraak by Bines en Ronel gereël en op 1 September 2020 is Elma en Willie aan mekaar voorgestel. Alles was aanvanklik nie net maanskyn en rose nie, maar die vriendskap het hegter geword en ons was Saterdag getuies van 'n pragtige liefde en omgee wat sedert daardie eerste "date" tussen die twee gegroei het.

Willie, uitgevat in 'n grys pak, het "cool, calm and collected" vir sy bruid gewag en Elma, wat in 'n pragtige rok, wat sy self gemaak het, statig in die paadjie afgestap gekom het aan die arm van haar een seun, is deur ds Kokkie, wat oor ongeveer 50 jaar al vele van die Humphries familie gedoop, bevestig en getrou het, in die huwelik bevestig.



Die onthaal is in Negester se klubhuis, wat so mooi versier was met baie blomme, gehou. Daar is eers heerlik op die stoep gekuier en later gesmul aan die lekkerste kos. Willie en Elma, omring deur hulle kinders, kleinkinders, familie en vriende het heel aand van oor tot oor geglimlag.

Baie geluk met julle huwelik, mag julle oorvloedig geseën en nog lank vir mekaar gespaar word! En geniet die wittebrood.

# KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

**AANGEBIED DEUR NSB**



# WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

**ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSPRAAK REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.**

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.
Voeg asb by u boodskap Negester.

**TROTS GEASSOSIEER**

Hollard. Bryte unity santam Discovery King Price

nsb
NATIONAL SATELLITE BROKERS

Devander House
298 Stokkiesdraai Str
Erasmusrand, Pretoria, 0181
Tel: +27 (0)86 184 3672
Epos: info@nsb.co.za
www.nsb.co.za
Volg ons op Facebook en Twitter
Gemagtigde verskaffer van finansiele diënste, FSP no: 16908

# Fred en Elmari Balt op die bank met Sandra



**Wat 'n voorreg om heerlike koffie en tuisgemaakte koekies saam met Fred en Elmari te geniet.**

Fred is 'n oud-Pretorianer wat sy hoërskooldae in 1964 te Hoërskool Staatspresident C.R. Swart afgesluit het en Elmari het in 1967 te Betlehem in die Vrystaat gematrikuleer.

Fred vertel dat hy as B.Sc. Boubestuur Tukkie-student by TPA, saam met Elmari se suster gewerk het. Elmari was 'n strooimeisie op haar suster se troue. Nadat Fred vir Elmari op haar suster se troufoto's gesien het, het hy geweet hierdie sestienjarige meisie moet hy ontmoet. So het hulle paadjies gekruis. Elmari het by Rondalia in Pretoria begin werk. Hul is getroud en het hul in 1972 op Middelburg gaan vestig, waar Fred boupersele ontwikkel het. In 1979 verhuis hul na Witbank.

Uit die huwelik van 52 jaar is drie kinders gebore. 'n Seun, Beyers, wat in New Zeeland as bourekenaar werk en twee dogters, Heleen en Naomi, die laatlam is 'n goudsmit, albei woon in Pretoria. Hul het vier kleinkinders.

**Hoe het julle op Negester beland?**

Na aftrede het hul eers by die Oog gaan woon maar Covid het hul laat besef dat hul nader aan Pretoria moet kom. Hul het na Negester kom kyk en besluit om hul hier te kom vestig.

**Het jul enige stokperdjies?**

Elmari het graag tennis gespeel, sy geniet pilates, hou baie van bak en brou en hou haarself besig met hekel en brei. Sy lees 'n wye verskeidenheid tipe boeke, maar hou baie van fiksie.
Fred hou van swem, stap en lees graag boeke waarin hy sy kennis kan verbreed in o.a. sterrekunde, argeologie ens. Sy garage is sy "go to" plek, want hy is 'n "handyman" en help graag waar hy kan.

**Waar hou jul graag vakansie?**

Hul gunsteling vakansies was om Desembermaande Keurbosstrand toe te gaan. Daar het hul wonderlike vriende gemaak, die wêreld verken, gaan stap en sommer net die prag van die Tuinroete geniet. Hul hou baie van kuier in die Krugerwildtuin en het aan staptogte in die wildtuin deelgeneem waar hul noue ontkomings met renosters gehad het. Wenk: As 'n renoster jou storm moenie probeer weghardloop nie, gaan sit doodstil en hoop vir die beste.



# SIMFONIE IN DIE MAANLIG

**Anita Brand Howell**

**Vervolgverhaal**



Hoofstuk 1

Dit is ’n soel aand en die vars aardse geur van nat grond hang swaar in die lug.

Mariaan is die hele tyd bewus van die hol gevoel op haar maag. Senuwees, besef sy.
Sy en haar assistent het maande en weke se beplanning en reëlings agter die rug. Die aand moet net eenvoudig ’n sukses wees. Toe kom reën dit vanmiddag. Heeltemal ongehoord vir September op Mariental.
Sy vee die sweet van haar voorkop af met ’n snesie en ’n hand wat liggies bewe en haal diep asem om haarself te kalmeer. Dan maak sy vir oulaas seker dat alles droog en in plek is.

’n Jaar gelede toe Mariaan dié gasteplaas net buite Mariental, se tuin vir die eerste keer ontdek, het sy geweet dis waar die Soirée moet plaasvind. Die tuin, soos ’n oase in die middel van ’n woestyn in die droë wêreld. Koel groen grasperke met die ou groot Kameeldoringboom in die middel en die somerhuisie langsaan. Die somerhuisie met sy skitterwit geverfde gewels en swart venster-luike, eg Kaaps-Hollands.
Die somerhuisie dien nou as natuurlike verhoog met die groot swart vleuelklavier, die fokuspunt. Die beligting is perfek, merk sy tevrede.
Terwyl sy so tussen die stoele staan, kyk sy op. Die Kameeldoringboom met die liggies in die wye takke wat ’n natuurlike sambreel oor die stoele vorm, flonker soos duisende sterre.
Sy merk ook dat daar nie meer ’n wolk in die lug is nie. Net sterre. Helder en skitterblink soos diamante teen die swart fluweel.
Dis ook vanaand volmaan. Perfek! Niemand kon ’n liefliker aand vir hierdie geleentheid begeer nie.
Sy haal weer diep asem en kyk tevrede rond. Ja, alles lyk in orde.

Mariaan voel die opgewondenheid in haar oplaai toe sy die motorligte gewaar. Soos ’n lang glimmende slang kom hulle aangetou. “Mag hierdie aand my hoogste verwagtinge oortref,” prewel sy saggies en probeer ontspan. Haar baba het uiteindelik volwassenheid bereik.

Die afgelope tien dae was soos ’n nagmerrie. As sy net dink aan al die frustrasies en gevoelens van moedeloosheid wat Mark Hanekom haar laat deurmaak het, wens sy dat sy nooit haar ore vir tannie Kit uitgeleen het nie. Haar sogenaamde wonderlike kleinseun, dié bekende pianis!
Toe sy Mark Hanekom se diep stem oor die telefoon vir die eerste keer hoor, het sy koue rillings deur haar hele liggaam ervaar. Hier moes sy al besef het moeilikheid is haar voorland!
In die begin het dit na ’n wonderlike idee geklink om hom te nader aangesien hy in Windhoek is en dit haar uitgawes baie laag sou hou, maar met al die teleurstellings die afgelope dae, het sy al gewens sy het liewer ‘n plaaslike kunstenaar gekry.
Glad ook nie ’n man van sy woord nie, die sogenaamde bekende pianis! Eers belowe hy om nie later as Dinsdag op Mariental te wees nie. Toe verander hy sy planne sonder enige reëlings met haar. Sy wag vir hom by die Restaurant soos hulle afgespreek het, maar tevergeefs. Na byna ’n uur waarin sy haarself lekker opgewerk het, skakel sy hom net om te verneem dat hy steeds in Windhoek is en eers Donderdag deurkom.
Wat haar die meeste die herrie in gemaak het was sy antwoord toe sy hom herinner dat die klavier geskuif is en hy beloof het om dit te stem. “Toemaar Engel, moet jou nie so ontstel oor niks nie. Ek sal daar wees. Laat alles in my bekwame hande,” en toe lag hy.
Lag! Die verdomde man, wie dink hy miskien is hy. ’n Regte windbol en Engel se voet! Ek word sommer weer van voor af briesend, dink sy kwaad.
Dit was ook nie die einde van haar frustrasies nie. Toe hy uiteindelik Vrydag eers opdaag is niks na sy sin nie. Dis vreeslik warm in Mariental; die karavaan is te beknop; die vleuelklavier uit die oude doos. Wat haar die meeste ontstel het was syself en haar reaksie toe sy hom ontmoet het. Hartkloppings nes ’n sestienjarige simpel tiener bakvissie.
Dit was die laaste strooi. Sy het hom net daar en dan vertel hoe arrogant en self gesentreerd hy is. Wie dink hy miskien is hy? “God’s gift to the world?” Hy het net gelag. Sy was woedend toe sy omdraai en wegstap.
So in haar enigheid is sy egter dankbaar dat hy hom nie bloedig vir haar vererg het en haar net so gelos het nie.
Sedertdien het sy hom net op ’n afstand gewaar. Net om elke slag weer aan lam knieë te ly. Ek is wraggies besig on van my trollie af te raak, dink sy vies.
Sy trekvee die krul weg van haar wang en vee met haar hand oor haar nousluitende donkerrooi uitrusting en trek haar skouers waterpas.

Mariaan kyk op haar horlosie. Dit is sewe dertig. Tyd om dié ster van die Musiekaand te gaan opsoek in die beknopte karavaan wat spesiaal vir sy gerief net agter die somerhuisie staan.
Sy staal haarself, stap vinnig nader en klop saggies. Haar hart klop in haar keel. Die deur gaan dadelik oop en uit die veld geslaan tree sy terug.
Mark Hanekom, is steeds in sy jeans geklee én aan sy arm hang ’n jong blonde meisietjie! Sy is so jonk, hy kon haar pa gewees het. Mariaan is op die plek boosaardig. Hoe skaamteloos van hom!

"Hi." Groet hy vriendelik en heel op sy gemak. Hy kyk na haar en dan oor haar skouer na die motors wat aangetou kom.
"Meneer Hanekom. Is daar 'n probleem?" wil sy dadelik weet met ys in haar stem.
Sy oë skuif terug na haar en in stilte rus sy oë op haar. Mariaan se hartklop versnel en sy sluk swaar. Hy het die eienaardigste uitwerking op haar. Haar gevoelens soos die van 'n tiener wat nog nooit 'n man gesien het nie. Nes dié dingetjie wat so glimlaggend aan hom hang, dink sy vererg.
Dit verg al haar selfbeheersing om koel en kalm te bly. Boonop is sy magteloos oor die uitwerking wat hy op haar het. 'n Kloppende hart, droë keel en lam knieë. Om nie eens te praat van die warm gevoelens wat deur haar spoel as sy in sy grysblou oë kyk nie. Ek is besig om my verstand te verloor, dink sy paniekerig.
"Daar is nie fout nie. Dis net ontsettend warm om nou al in my aandpak geklee te wees. Ek sal jou nie in die skande steek en met jeans op die verhoog verskyn nie. Ek belowe," terg hy met 'n glimlag.
Verleë en vererg voel sy hoe haar wange gloei en knik net, voordat sy dadelik omdraai en wegstap."Wag. Nie so haastig nie." Hy gryp na haar arm om te keer dat sy wegstap.
Mariaan se hart begin wild bokspring en haar arm brand waar sy hand rus. Ag genade tog. Geen man het nog ooit so 'n uitwerking op haar gehad nie. Altans, niemand na Koert nie.
Met 'n skuldgevoel onthou sy dis vandag die eerste maal dat sy aan hom dink. Hulle was ses jaar getroud en hy is twee jaar gelede in 'n tragiese motorongeluk dood. Gewoonlik is haar hele daaglikse roetine en bestaan deurvleg met herinneringe en verlange na hom.
"Sal jy na die vertoning saam met my gaan koffie drink? Asseblief," hoor sy Mark vra toe sy stadig omdraai.
Verbaas en verontwaardig staar sy sprakeloos na hom terwyl sy haar arm stadig loswikkel uit sy greep. Vir 'n wyle hou hul oë mekaar gevange en dan skud sy haar kop.
"Nee dankie," en met 'n verontwaardigde kyk in die rigting van die meisietjie, draai sy om en stap driftig weg, haar kop omhoog.
Die swernoot. Wat sou sy idee wees? Met die blondie aan die een arm wil hy waaragtig nog 'n afspraak reël. 'n Don Juan vir wie een vrou op 'n keer natuurlik nie genoeg is nie. Dink hy miskien sy is 'n goedkoop flerrie?
Mariaan blaas haar asem stadig uit deur haar mond. Kalm bly, ek moet net kalm bly. Dit verander egter niks aan die saak nie. Hy trek my soos 'n magneet en ek kan alles behalwe helder dink in sy teenwoordigheid. Die Soirée. Dis my prioriteit, maan sy haarself. Sy kyk na haar hande en sien dat hulle bewe. Kalm bly Mariaantjie, maan sy haarself.

Vervolg…

## Tussen die boom en die bas



Johann Heydenrych het hierdie, foto 'n week of twee gelede, geneem toe hy en Wessel Joubert na die reuse Kiepersol in Magoebaskloof gaan kyk het. Wessel staan by die boom.



Hierdie gewone Kiepersol (*Cussonia spicata*, Engels: cabbage tree) is ongetwyfeld 'n rekordboom. Sy hoogte is 35 meter; sy stamdeursnee op borshoogte is 3.71 meter en sy kroondeursnee is 22 meter.

Die bome kom op berghange en op klipperige plekke voor.

Die stam is grys, dik en kurkagtig. Die groot blare kom op die punte van die takke voor. Dit is 'n pragtige boom in enige tuin. Dankie aan Johan en Wessel dat hul die moeite gedoen het om hierdie boom met ons te deel.

NS. Ek kan nie die versoeking weerstaan om die grappie te vertel oor waar die naam Kiepersol vandaan kom nie. Hulle sê in die Anglo-Boereoorlog vlug 'n paar Engelse soldate vir 'n klein Boere-kommando wat op hulle losbrand. Die eerste soldaat klouter teen 'n *Cussonia* se stam op om agter die groot blare te gaan wegkruip. 'n Tweede soldaat volg hom. Toe die derde een ook wou opklouter skree die boonste twee vir hom: "get down, this tree won't **keep us all**." Die boere hoor toe kiepersol.

Henk Kruger

# VETPLANTE IS MOOI EN INTERESSANT

MESEMBRYANTHEMACEAE (VYGIE) FAMILIE: Lithops spesie (**Beeskloutjies**)



ALGEMEEN

Die naam "Lithops" is van die Griekse woord "lithops" (klip) en "opsis" (lyk soos, voorkoms) afgelei. In Nederlands "Levende steentjes". Blommende klippe, Beeskloutjies, Bababoudjies, Stone plants. Lithopse bestaan uit 36 spesies, 15 subspesies en 36 variteite.

William J Burchell was die eerste persoon wat reeds in Oktober 1811 Lithops plante gedokumenteer het. Dit was heelwaarskynlik 'n Lithops hookery variteit subfenestrata. In die Skedelkuspark van Namibië, is 'n Lithops var lineata plant met nege blaarkoppe in habitat gevind wat na raming 70 jaar oud is.

Die Lithops Navorsing en Bewaring Stigting wat by die Alte Kalköfen Lodge naby Bethanie in die suide van Namibië geleë is, doen baie navorsing oor die bewaring en hervestiging van Lithopsplante in habitat. Google lithopsfoundation.com vir meer besonderhede.

BESKRYWING

Lithopsplante bestaan uit twee geswolle blarelobbe, wat horisontaal plat aan die bokant is en onder die grondoppervlak saamgegroei is tot een stam. Die twee blaarlobbe is baie waterryk en word met 'n spleet bo die grondoppervlak verdeel. Die plat oppervlak het 'n spesifieke patroon wat soos 'n vingerafdruk vir elke blaarlob is, maar kan wel ge-identifiseer word om die spesie van die plant te bepaal. Die tipiese vygieblomme is wit, geel of in enkele gevalle oranje en verskyn eenmaal per jaar vanaf April tot Julie in die gleuf tussen die twee blaarlobbe. Die blomme open daagliks vir tot sewe dae teen die middag en gaan sononder weer toe. Uit die blomme ontstaan later 'n saadkapsule wat gesegmenteer is. Die kapsule gaan oop wanneer dit reën, saad word deur reëndruppels uitgespat en gaan weer toe as die son skyn. Hierdie proses word herhaal totdat al die saadjies uit die kapsule vrygelaat is. Beeskloutjies is moeilik om op te spoor in die natuur wanneer hulle nie in blom is nie. Soms is slegs die plat blaaroppervlak wat gelyk met die grond is, sigbaar.

AANPLANTING

Lithops plante is moeilik om te kweek maar as hulle voorkeure en afkeure eers onder die knie gekry is kan hulle suksesvol op 'n sonnige vensterbank of kweekhuis aangehou word. Gebruik 'n grondmengsel van gruis, sanderige kleileemgrond en kompos. Een van die geheime om lithopse te kweek, is dat hulle slegs in die somermaande en herfs water moet kry en heeltemaal droog gehou moet word in die dormante seisoen (Winter en Lente). Nadat die plante geblom het moet hulle geen water kry nie. Die plant kry sy water van die ou verwelkte blare gedurende hierdie dormante tyd. Die ou blare vorm later harde papieragtige skedes wat die nuwe blare beskerm voor dit in die nat seisoen verskyn. Die ou blare kan verwyder word wanneer dit heeltemaal uitgedroog het.



VOORKOMS EN VERSPREIDING

Die Lithops genus is endemies aan Namibië, Botswana, Noord Kaap, Karoo en Ellisras in die Limpopo provinsie. Die Lithopsplante kom voor teen heuwels en rante met grond wat uit graniet, kwarts, skalie, leisteen of kalksteen bestaan.
Lithops salicola malachite
Lithops viridis
Google "lithops" vir nog baie foto's en feite oor hierdie gewilde plante.

Vriendelike groete.

Cobus Oosthuizen

Gefasineer deur vetplante: Kontak
Cobus Oosthuizen 082 789 7835

# What Is a Palindrome?

22022022

A **palindrome** is a type of wordplay involving numbers, dates, names, music, words, phrases, or sentences that read the same backward and forward. The word “**palindrome**” comes from the Greek word “**palindromos**,” which is a combination of two Greek words: “palin,” which means “back” or “again,” and “dromos” meaning “route” or “road.”
“**Aibohphobia**” is a word that refers to “a fear of palindromes,” and it’s also a character-unit palindrome.

***9 Types of Palindromes***

Some of the best-known examples of **palindromes** include:

1. ***Character-unit palindromes:*** Character-unit palindromes are single words that read the same backward and forward, such as “racecar,” “**kayak**,” “repaper,” or “**tenet**.” They are the palindromic examples most widely known to English-language speakers.
2. ***Line palindromes:*** Also known as line-unit palindromes, these poems usually have an initial set of lines that reverse order halfway through the piece without changing the word order within the line.
3. ***Musical palindromes:*** Certain musical compositions are also palindromic. For example, Joseph Haydn’s Symphony No. 47 features a minuet and a trio in its third movement. The second halves of the minuet and trio are identical to the first halves but backward, and the minuet itself repeats at the end of its second half.
4. ***Name palindromes:*** There are many notable palindromic first names, such as Hannah, **Eve**, **Bob**, and **Otto**. Some individuals have palindromic first and last names, like flamenco dancer Sara Baras. There are also palindromic band names, like **Abba**, a Swedish pop group.
5. ***Numeric palindromes:*** Numbers can be palindromes if the digits read the same backward and forward, such as **10101**. Dates, too, can be palindromes; February 2, 2020, is officially known as “Universal Palindrome Day” because the digits form a palindrome regardless of date format (day/month/year or month/day/year)
6. ***Palindrome poetry:*** Palindrome poems use line palindromes within a poetic form. They begin with an initial poem and then feature a line at the halfway mark that reverses the rest of the lines in order. Its unique structure gives it the alternate name “mirrored poetry.”
7. ***Palindrome sentences:*** Palindrome sentences take the form of complete sentences with a subject, verb, and predicate. While punctuation and capitalization are not necessary to the form, some examples include punctuation, like “**Go hang a salami, I’m a lasagna hog.**”
8. ***Semordnilap:*** Words that, when spelled backward, form a new word are called semordnilap, which is also a reverse spelling of “palindromes.” Examples include “**stressed**,” which is “**desserts**” spelled backward. Some semordnilaps are deliberate creations, like “**mho**,” which is “**ohm**”—a unit of electrical resistance—spelled backward.
9. ***Word-unit palindromes:*** Phrases, sentences, or groups of words that appear in identical order when viewed forward or backward are word-unit palindromes. A word-unit palindrome in phrase form is “**Murder for a jar of red rum.**”
   A sentence-form palindrome is,
   “**Did I say you ‘never say never?’ You say I did.**”

Gladwell, M., 2022. *What Is a Palindrome? 9 Types of Palindromes - 2022 - MasterClass*. [online] MasterClass. Available at: <https://www.masterclass.com/articles/palindromes-explained#9-types-of-palindromes> [Accessed 21 March 2022].



Cobus Oosthuizen

# LEER KEN VIR...

## Yolanda van der Walt



*Verjaardag*: 9 Januarie
*Jou eggenoot se naam:* Dries
*Kinders:* Jenny 27jr, Bianca 17jr, Willem 14jr.
*Pos by Negester:* Administratiewe Beampte.
*Beskryf jouself:* Altyd dieselfde, Sonskyn ☀.
*Gunsteling kleur?* Blou
*Gunsteling sportsoort?* Atletiek.
*Sportheld?* Brock Usain Bolt.
*Gunsteling kosgereg?* Seekos (Enige)
*Gunsteling nagereg?* Malvapoeding.
*Gunsteling Outeur?* Francine Rivers
*Wat geniet jy van haar boeke?* Sy skryf oor persoonlike vrae waarmee sy worstel en gewoonlik is dit dilemmas waarmee ander mense ook kan identifiseer.
*Wat is jou stokperdjies?* Stap, natuur, tuinmaak en dans.
*Waarheen gaan jy/ julle graag vir 'n wegbreek?* Die see.
*Noem twee dinge wat jy nog wil doen, wat op jou "bucket list" is*: Toer na Israel, As ek al my moed bymekaar geskraap het "Valskermspring".
*Wat maak jou hartseer?* Verwaarlosing van kinders.
*Wat maak jou gelukkig?* Om diensbaar te wees.
*Kies een woord:*

| | |
|---|---|
| *Kos*: | Koud |
| *Seisoen:* | Somer |
| *Ry:* | Vinnig |
| *Vakansie:* | See |
| *Persoonlikheid:* | Introvert (Hou nie van groepe nie), Ekstrovert (Klein groepies 1 – 3) |

# NOU...

**nou toe**

*Afrikaanse spreuke en uitdrukkings*

Die beeste het in die brand geloop.
Betekenis:
Afrikaans: Daar is geen melk vir koffie nie.
Engels: The cows have dried.



# Sekuriteit

1. Is jy vertroud met:
   - Die noodplan (bewusmakingskrywe)?
   - Jou versamelpunt-groep/ligging van jou versamelpunt?
   - Wie jou versamelpunt koördineerder is?

2. Is jou mediese noodlêer, vir gebruik in noodsituasies, op datum en beskikbaar – ook by Delia ingegee?

3. Wanneer laas is jou medisynevoorraad gekontroleer vir vervaldatums? Onthou dat medisyne wat verval het, by enige apteek ingegee kan word om vernietig te word. Moet onder geen omstandighede op ‘n ander manier daarvan ontslae raak nie (asblik/afspoel in toilet).

4. Neem kennis dat die sekuriteitspersoneel om 18h00 skofte ruil. Kort daarna begin hulle met die sekuriteitshonde patrolleer. Uitstappies met u eie honde moet liefs dan al afgehandel wees.

5. Aan ons stappers: Sou u vroegoggend of laat-aand (wanneer dit nog skemer of donker is) stap, wees bewus daarvan dat, wanneer u buite die landgoed beweeg, dit op eie risiko sal wees. Daar heers tans ‘n tendens dat misdadigers ook vroegoggend bedrywig is in die omgewing. Vir u eie veiligheid raai ons aan dat u liewer hierdie tye vermy.

6. Neem liefs ‘n lig met jou saam wanneer jy vroegoggend of saans buite jou huis beweeg. So kan onaangename ontmoetings met gediertes vermy word.

7. Maak seker dat jy gereeld jou noodligte (flitse/Magneto, ens) nagaan en/of laai en sodoende verseker dat jy nie onkant gevang word deur kragonderbrekings nie.

Bly veilig en rapporteer ongerymdhede onmiddellik aan hierdie groep.


*Nood- en sekuriteitsbelangegroep*

### *Spreuke uit C.J. Langenhoven...*

Vlyt:

“Die man wat ek na soek, is nie die wat die minste foute gemaak het nie, maar die wat die meeste foute regmaak!”

Baie geluk aan ons wenner van blokraai!!






**KOPKRAP**

Sit jou brein in rat en werk hierdie sommetjie uit.
Dit is `n optelsom:.
Elke letter het `n syferwaarde.
Bepaal die syferwaarde van elke letter.

  DONALD
<u>+GERALD</u>
<u>= ROBERT</u>

<u>GEGEE: T = NUL</u>

# Uit Grootjie se kombuis

Ek deel graag my oumagrootjie se beste koekieresepte. Sy het dit altyd vir ons gebak wanneer ons by haar gekuier het.
Haar resepteboek het ek gelukkig geërf – Keurige Kos van Susann Naude.



**Anyskoekies** (Sprengerles)

| | |
|---|---|
| Eiers, 4 goed geklits | Suiker, 2 koppies |
| Rooswater, ½ teelepel | Meelblom, 4 koppies |
| Sout, ½ teelepel | Bakpoeier, ½ teelepel |
| Gerasperde lemoenskil, 1 teelepel | Anyssaad, 1 eetlepel |

Klits eier, rooswater, sout en skil tot dik.
Voeg suiker geleidelik by, klitsende, en klits nog 15 minute.
Voeg res van die bestanddele nou by, bietjie vir bietjie, en klop of knie nog 10 minute.
Rol uit en laat oornag staan om ‘n bietjie uit te droog.
Bak in ‘n matige oond van 325*°F* (*160°C*) tot gaar.

**Neutkoekies**

| | |
|---|---|
| Geelsuiker, 3 eetlepels | Meelblom, ½ koppie |
| Botter, ¼ koppie | Sout, knippie |
| Kookwater, ¼ koppie | Neute, 2 eetlepels fyngekap |
| Suiker, ½ koppie | Halwe neute. |

Smelt die 3 eetlepels suiker in ‘n swaar kastrol en roer dit totdat dit ligbruin word.
Roer die botter en kookwater daarby, en kook vir 2 minute.
Haal van die hitte af, en voeg die ander suiker, meel, sout en fyn neute by.
Sprei uit in ‘n vlak gesmeerde pan, merk blokkies uit, en plaas ‘n halwe neut in die middel van elkeen.
Bak in ‘n koel oond van 300*°F* (*150°C)*, en haal dadelik uit die pan.
*Laetitia Ludwick*

## Verdwaalde...kom na jou adres...

ʼn Mens se huis is jou veilige, hier-wil-ek-wees-hawe. So weerspieël jou huis ook die “kom in, jy’s welkom saam met ons, die huismense. Kom geniet saam met ons die koelte van ons rustige-bosveldmense-gasvryheid.”
Huis, Paleis, Pondok, Varkhok! Onthou jy ook nog die rympie van ons kindwees-kleinwees-dae?
En so bly ons nou in groter as Paleis: ons bly in ʼn Pa-ra-dys! Hier is ons elkeen besig om ons droom-en-leef-stories te skryf. Dit is die wonder van die lewe: Ons leef, ons droom, ons hoop, ons kies!
So nooi ek ook ʼn vriendin vir ʼn heerlike kom kuier-tee-oggend. Sy bly nie saam met ons hier nie. Ek moet die pad vanaf die hoofhek verduidelik...o, aarde!! Ek weet nie van jou nie, toe besef ek dat ek skaars, behalwe my eie, min tot geen straatname in ons landgoed ken nie... Aaaag, dink ek toe, ons gee mos mekaar se huisnommers, of ons sê... “Ek bly daar langs die mense met die groot boom, met die geel blommetjies.” Of sommer ook: “Ja, daar oorkant die klubhuis aan die jukskeibane se kant...”
Wat jou storie ookal is wat jy vertel... dit is oulik, goed en reg. Ek het toe gaan loer op ons landgoedkaart en was ek verbaas om al die mooi straatname raak te sien. Net daar besluit ek om meer bewustelik na elke straatnaam te kyk, dit te lees en te onthou waar dit is. Hier volg ʼn lys van ons straatname in Negester. Hoeveel ken jy en weet jy waar hulle is?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vaalboomsingel | Kiepersolstraat | Kareesingel | Impalasingel | Piet-my-vroustraat |
| Rooibosstraat | Lekkerbreekstraat | Negester-Boulevard | Klipspringerstraat | Ribboksingel |
| Raasblaarstraat | Suiderkruisrylaan | Hardekoolsingel | Koedoestraat | Troupantsingel |
| Maroelasingel | Boekenhoutstraat | Njalastraat | Bospatrysstraat | Janfrederikstraat |
| Mispelstraat | Wildeseringstraat | | | |

Nou toe...daar het jy dit!
Ek moes my vriendin by die hoofhek gaan haal, met ʼn: ... “Ag wag by die hoofhek, ek sal jou gou kom haal.” Volgende keer sal ek beslis beter doen. Ek het ʼn uitdaging aan myself gestel...22 straatname minus my eie is 21 name om geleer te word. Oefen jỳ saam met my? Of gaan ons soos Hansie en Grietjie broodkrummels in die pad moet gooi om ons huise te kry?
Vreet die Njala’s die krummels...Ons is verdwaald!
*Gusta*

# STRAATMANEWALES

*Hoe waar is die volgende woorde nie?*
*"Die beste ding wat met 'n mens kan gebeur is om te weet dat, wanneer jy op pad is na die voordeur van jou huis, daar aan die ander kant van die voordeur iemand is wat luister of jou voetstappe al aankom" (Clark Gable)*

Daarom kom klop aan die voordeure van die inwoners in:

**=RAASBLAARSTRAAT=**

*Gert is* die man wat kan...
As jy nie weet hoe nie, vra hom dan.
Hy maak enige ding en doen jou
"handyman" taak;
Niks kan hom ooit baasraak.
Af en toe het hy 'n tydjie vry-
En dan speel hy lekker jukskei.



*Manda* is die een in die kombuis,
Met die reuk van lekker-ruik-bakgoed wat kom uit haar huis.
Met haar toorgoete maak sy baie dames mooi,
Stil sit kan sy nie-werk haar wange bloedrooi.
Vir die wild gee sy troetelname en elkeen ken haar groet...
Lekker kan sy met hul praat...en stoutes...loop katvoet.

*Johan* die dendroloog,
Loop lekker regop met sy kop omhoog.
Hy hou van groen,
Ek wil graag natuurdinge doen.
Hy is nek-af oor fietsry,
En op sy oefenfiets sal jy hom ook kry.
Vir hom kry jy in die koelte van 'n boom
Waar hy oor kamp en voëltjies staan en droom.

*Rika* die buurvrou oorkant my huis,
By haar voel mens altyd tuis.
Jy kry koffie... en beskuit daarby...
Met Covid het ons self bederfies deur die venster gekry.
Die een met die besem, die een met die lag...
Vir 'n geselsie kan enige-iets maar wag!

*Lena-Marie* met die blou-blou oë,
Meestal stil en ingetoë.
Baie kreatief, baie verbeeldingryk.
Die een wat deur die kameralens na jou kyk.
Vinnig kan sy planne beraam-
Jy kan nie anders, sy neem jou saam.

*Nico* die bouer, bou sy eie huis,
In sy geselskap voel jy gou-gou tuis.
Hy is nog "jonk" en vat nog raak...
Om 'n groot klip te dra...maak nie saak.
Oor soetgoed is hy stout...bottelsvol in sy kombuis.
Gaan jy daar kuier voel dit soos jou eie huis.

*Koos* die broodboom-man,
Ook die een met die koffie-kan.
Kom in, kom sit, en tyd vlieg verby
Dan kan ons gesels...ek en jy.
Stories van vroeg se tyd word vertel...
Oom Koos, jy is reeds 'n ware pêl.

*Mientjie* kan fietsry en sy kan stap,
Sy kan ook ver draf...vir haar is dit 'n grap!
Met 'n verfkwas in die hand,
Verf sy die verfdoek aan die brand.
Voor die stoof kan sy toor-
Die heerlikste eetgoed waarvan jy nog net kon hoor.

*Linda* is die stil een, so stil soos 'n muis.
Wonderlike reuke trek uit haar kombuis.
Met oefenmatjie onder die arm...
En daar stap sy al is dit warm.
Sy is die een wat nie bang is om te waag,
En met vriendinne kuier-dit doen sy graag.

*Ben* kan luister en lag en praat,
Hy is die manne se goeie maat.
Op die gholfbaan sal jy hom heelwat kry...
En vir nog oefening-kan hy ook vinnig stap daarby.
In sy tuin sal jy hom sien werk...
Met sy blaasmasjien naby...is hy sterk.

*Annamarie* die "IT"-vrou met 'n rekenaar-
Met die "goete" kan sy wonderlike dinge doen, sowaar!
Sy hou daarvan om koffie te drink,
En sal jou vinnig in haar huis in wink.
Sy lief dit om buite te wees en is verslaaf aan stap-
Sommer gou-gou reël sy 'n staptoer vir die grap.

*Corrie* kan jy raai?
'n Man wat baie hou van braai.
Hy is ook lief daarvoor om kar te was en...
Dis vir hom geen las.
Hy geniet sy kamp-huis-op-wiele en hou van toer,
As jy hom soek...trek hy al...daar!

*Ich* sal jy vroeg-oggend buite kry
Hy moet wikkel om by sy hondjie by te bly.
Hond trek hom hier-en hond trek hom daar...
Lekker om na te kyk voorwaar.
Die karavaan staan reg-en met sy bakkie voor...
'n Kampplek gaan hy dan in 5ster omtoor!




*Lucille* hou van kuier,
En sy hou van lag.
Om te stap en swem-
Daarvoor kan alles maar wag.
'n Dapper vrou met wilskrag van staal...
met 'n haastigheid wat jy nie uit haar sal haal.





In die straat se draai, onder om die hoek...
Kan jy vir *Ouma, Neville* en *Gusta* kom soek.
Neville hou van visvang, Gusta hou van skryf
En Ouma is woelig met enige-tydverdryf!



***Maak vinnig...***
***Maak gou!***
***Luister nou.***
***Hier is goeie raad:***
***Kom kuier gerus in Raasblaarstraat!***
***-Gusta-***

# Blokraaisel




Dwars

3 Die fietsryers ry tans elke oggend om 07:00 vanaf?

4 Met watter die nuwe “in-ding” is Hannetjie Yssel tans besig?

8 Voltooi: __________ is n tafelwyn wat met gisstowwe aan ‘n tweede gistingsproses onderwerp word.

9 Dawie se gunsteling nagereg is?

11 Watter aksie vind Dinsdae om 14h00 plaas?

Af

1 Die sameroeper van Manne van die Woord?

2 Wie staan bont om te verseker dat al die siekes versorg word?

Voltooi die volgende gesegde: Daar is nie genoeg ___(5)___ in die wêreld om die _(6)_ van een kers uit te doof nie.

10 Die Boom vir Promosie vir 2022 is die?

7 Van watter dorpie in Noord-Carolina, Amerika is die naam “Putt-Putt” is afkomstig?

12 Voël van die maand?

Neem ‘n foto van die voltooide blokraai en whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.

## Tong in die kies

Hierie storie het oom Karel jarre gelede vir my vertel oor `n episode toe hy nog doer in die ver verlate vlaktes sy tweede jaar in graad twee gedoen het. Dit was `n tweeman-skool of eintlik `n een man en een juffrou skool. Dit was in die tyd toe die hoof darem standerd agt moes gehad het en die juffrou standerd ses. Die skoolinspekteur het van tyd tot tyd onverwags by die skool opgedaag om te kyk of die kinders darem al iets geleer het sodat hulle na die volgende klas kan aanskuif. So hou die inspekteur op `n dag met sy perdekar onder `n boom by die skool stil. Hy begin sommer by die juffrou se klas. "Môre kinders". "Môre meneer," in `n koor soos die juffrou hulle geleer het. Die inspekteur wys na die kleurvolle ronde aardbol op die juffrou se tafel. "Hoekom staan die aardbol so skeef?", toets hy hulle Aardrykskundekennis. Doodse stilte. Hy vra weer en wys na die aardbol. "Hoekom staan die aardbol so skeef?" Doodse stilte. Die kinders kyk grootoog na die kwaai meneer. Iemand tik liggies van agter af aan die inspekteur se arm. " Meneer, hierdie aardbol is van die begin af so skeef. Nie een van hierdie kinders het aan hom geraak nie. Ek ken hulle en nie een van hulle sal iets beskadig wat aan die Departement behoort nie". "O, goed juffrou" en hy stap om na meneer se klas toe. Hy vertel aan die hoof wat in die juffrou se klas gebeur het. "Meneer, antwoord die hoof. As daardie juffrou vir jou gesê het nie een van haar kinders het aan die aardbol geraak nie, kan jy haar glo. Ek ken ook al daardie kinders en ek ken ook hulle ouers. Nie een van hulle sal sulke stoutighede aanvang om `n aardbol skeef te druk nie. "En ek kan ook vir jou sê, meneer, toe daai aardbol laasjaar van die departement af hier by ons aangekom het, was hy reeds so skeef toe ek hom uit sy boks gehaal het. Seker een van daai onhandige klerke wat die ding beskadig het toe hulle dit ingepak het."



Henk Kruger

# Voël Van Die Maand

**Gestreepte Wipstert**
**Eng: White-browed Scrub Robin**
*(Cercotrichas leucophrys)*

Hierdie maand kyk ons na een van die skaarser spesies op Negester. Dit is 'n voël met heelwat karakter maar 'n baie skugter voël. Hy sing dat die biesies bewe en dit gaan gewoonlik die eerste aanduiding van sy teenwordigheid wees. Ek het hom al op die Duikerroete raakgeloop, veral daar langs die pad tussen die pomphuisie en die reservoir. Die beste plek om hom te kry is net buite die hoofhek op die linkerkant en ook net na die eerste draai by die stopteken op die linkerkant. Luister maar vir 'n gesingery en kyk dan onder en binne- in die plantegroei vir wanneer hy beweeg om insekte te soek.




Die Gestreepte Wipstert is tussen 14 en 16.5 cm van die punt van sy stert tot by die punt van sy snawel en die mannetjies en wyfies lyk eenders. Hy word maklik uitgeken aan twee prominente wit vlerkstrepe en 'n gestreepte wit onderkant. Sy kruis en stertbasis is roesbruin terwyl die res van die stert donkerbruin is met wit veerpunte..

Die stert wip voortdurend op en af en word soms soos 'n waaier opgesprei. Hy hop op die grond en in die struike rond op soek na kos en eet hoofsaaklik insekte en miere

Hy kom algemeen voor in boomveld en savanne met genoeg grasbedekking. Hy bly gewoonlik verskuil veral wanneer hy sing.

In gedrag en voorkoms kan hy maklik verwar word met die Rooivlerk Tjagra.

Hulle paar gewoonlik net met een maat en die wyfie bou die nessie van los gras, so om en by 20cm van die grond af in 'n digte graspol. Sy lê gewoonlik 3 roomkleurige eiers met perserige en bruin spikkels. Die wyfie broei die eiers alleen uit sonder hulp van die mannetjie. Albei ouers voer die kleintjies. Van die koekoeke mag die nes parasiteer deur hulle eiers ook daarin te lê



Verspreiding van die Gestreepte Wipstert ; Bron Wikipedia

Die Gestreepte Wipstert
Foto: Jan van Biljon in Marekele
Jan van Biljon

# Kom krap saam in ons Taalkis...

<u>Opskrif vir gaste in 'n klooster.</u>

Wees in jou eensaam oomblik nog
van hierdie gasvry wens bewus:
vir elke kramp – sy leniging;
vir alle bose winde – rus;

vir die wat traag en langsaam is:
die snelheid van die storm;
en vir die gans-oorhaastiges:
meer vastigheid en vorm.

<u>Interessant</u>:
Hierdie bundel versamelwerke van N.P. van Wyk Louw verskyn op 11 Junie 1981 ter herdenking van sy geboorte 75 jaar gelede. Die eerste honderd eksemplare was van 'n luukse band voorsien, genommer en het 'n foto van 'n borsbeeld van die digter gehad.

Versies geleen uit: Versamelde Gedigte.
N.P. van Wyk Louw. (bl. 184)

# Ken jy ons Ne9esterhelpers?

Dankie vir jul harde
werk in Negester.
Dit word raakgesien.













